



PASIËNT INLIGTINGSBROSJURE

IMMUNOTERAPIE

- Immunoterapie is die enigste vorm van mediese behandeling wat moontlik daartoe in staat is om allergieë te genees.
- 'n Allergeen is die stof waarvoor 'n pasiënt allergies is.
- Sodra 'n pasiënt 'n volle reeks immunoterapie ondergaan het, behoort die blootstelling aan hierdie allergeen nie meer enige kliniese reaksies te veroorsaak nie.
- Allergeen-immunoterapie is 'n hoogs effektiewe behandeling in sorgvuldig uitgesoekte pasiënte.
- Dit is beskikbaar vir hipersensitiwiteit teen by- en perdebygif in die vorm van inspuitings. Dit word aangebied aan sorgvuldig uitgesoekte pasiënte met ernstige reaksies op by- of perdebysteke.
- Immunoterapie teen allergieë vir katte, honde, perde, gras, stuifmeel, boomsluifmeel, onkruidstuifmeel, sommige skimmel en huisstofmiet (allergene wat in die lug voorkom) is ook beskikbaar. Dit kan by die huis as druppels toegedien word, of deur 'n dokter ingespuut word.

HOE WORD IMMUNOTERAPIE TOEGEDIEN?

Immunoterapie is in twee vorme beskikbaar:

- Onderhuidse immunoterapie (insluitings)
- Ondertongse immunoterapie (mondelings)

Inspuiting-immunoterapie word veral teen gif-allergieë gebruik.

Mondelingse immunoterapie word verkies vir die desensitisering van allergene wat in die lug voorkom.

Inspuiting-immunoterapie:

'n klein dosis word toegedien, en die konsentrasie word weekliks verhoog, totdat die onderhoudsdosis bereik is. Dit neem gewoonlik 16-18 weke. Onderhoud word 6-8 weekliks volgehou vir ten minste 3 jaar.

Mondelingse immunoterapie:

Die vaksine word daagliks as druppels gegee en word onder die tong geplaas. Dit moet vir drie jaar volgehou word.

WATTER PASIËNTE VIND HIERBY BAAT?

- Immunoterapie is nie effektief vir alle pasiënte met allergieë nie.
- Dit is die enigste genesende terapie vir pasiënte met 'n sensitiwiteit teen die gif van bye en perdebye.
- Dit werk veral goed wanneer die pasiënt monosensitief is, met ander woorde hulle allergiese reaksie vind plaas wanneer hulle aan 'n enkele allergeen blootgestel word.
- Dit is vername doeltreffend vir pasiënte wat erge simptome op huisstofmiet toon.
- Dit kan ook aan gekose pasiënte met erge allergiese sensitiwiteit teen katte, honde en perde gegee word.
- Pasiënte met veelvoudige allergie reageer gewoonlik nie so goed op immunoterapie nie.
- Voordat immunoterapie begin word, is dit belangrik dat 'n dokter wat 'n kenner op die gebied van die behandeling van allergieë en in die gebruik van immunoterapie is, die pasiënte sorgvuldig evalueer.
- Allergietoetse moet uitgevoer word, en allergeenvermydingsmetings moet geïmplementeer word.

Vir bykomende inligting, besoek: http://en.wikipedia.org/wiki/Allergen_immunotherapy

OUTEURSREG: ALLERGIE-GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

2013



Vertaling deur CIPLA geborg